



## Vergifnis

Lukas 11:4 stel: "en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree;" (Grieks - *καὶ ἄφεξ ἡμῖν τὰς ἀμαρτίας ἡμῶν· καὶ γὰρ αὐτοὶ ἀφίεμεν παντὶ ὀφείλοντι ἡμῖν·* Latyn - *et dimitte nobis peccata nostra siquidem et ipsi dimittimus omni debenti nobis*).

Mat 6:12 stel: "en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;" (Grieks - *αἱ ἄφεξ ἡμῖν τὰ ὀφειλήματα ἡμῶν, ὡς καὶ ἡμεῖς ἀφίεμεν τοῖς ὀφειλέταις ἡμῶν·* Latyn - *et dimitte nobis debita nostra sicut et nos dimisimus debitoribus nostris*).

Terwyl die Lukas Evangelie praat van ons sonde en die skuld van ons medemense, praat die Matteus Evangelie van ons skuld aan God en ons skuldenaars. Kom ons ondersoek eers die konsepte van sonde en skuld, beweeg dan na die verstaan van die konsep "vergewe" en kyk dan na die bede "voor die kruis" en "na die kruis".

## **Sonde**

Mense is geneig om sonde te reduseer tot 'n paar sake of dade. Sonde word soms verstaan as eksterne oortredings, soms gereduseer tot iets soos "eie wil". In so 'n konteks is die bede rondom vergifnis maklik om te maak omdat die erns van sonde nie verstaan word nie. Sonde is 'n komplekse realiteit wat nooit ten volle onder woorde gebring kan word nie. Die feit dat die Ou Testament verskeie woorde gebruik om sonde aan te dui, wys reeds op die uiters

multidimensionele aard van sonde. Kernwoorde om die mens se toestand aan te dui, sluit in sonde, rebellie, om verkeerd te buig en om te fouteer. Psalm 32: 5 illustreer dit so: "My sonde (ἡχρη) het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid (ἡνυ) het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe".

Die woord wat die meeste gebruik word "χρη" het as oorspronklike betekenis "om die punt (teiken) te mis". Dit dui daarop dat dit menslik onmoontlik is om aan die Goddelike norm te voldoen. Hierdie norm is onvoorwaardelik geldig. Die manier waarop sonde in die Bybel aangedui word, verskil ook; soms word dit aangedui as 'n interne proses van die mens, soms word 'n handeling as sondig beskryf en soms word die resultaat van 'n optrede onder die loep geneem.

Watter woorde ookal gebruik word, dit is duidelik dat die Bybel nooit sonde ten volle probeer verduidelik of verstaan nie omdat die menslike haat wat ons het nooit verstaan kan word nie. Sonde is sinloos, redeloos, onverklaarbaar. Sonde verskil van foute maak op 'n eksistensiële vlak.

Die vertelling in Genesis 3 gee tog 'n verduideliking ten opsigte van die aard en oorsprong van sonde.<sup>1</sup>

Die verhaal begin met 'n verbod, gekoppel aan 'n verwysing na ernstige

<sup>1</sup> Die "Theological dictionary of the New Testament" kan vir 'n uitgebreide weergawe nagelees word.

gevolge. In hierdie toegewing (van al die bome mag julle eet) en verbod (van een boom mag julle nie eet nie) openbaar God onteenseglik Sy wil. God se wil is met ander woorde nie 'n versluierde vaagheid nie.

Die openbaring van God se wil blyk onaantasbaar te wees. Die slang sien egter die dispariteit tussen die erns van die straf en die onbenulligheid van die menslike handeling raak. Dit gaan kwansuis oor die eet van 'n vrug. God se wil word met ander woorde vervorm en afgebreek totdat dit onbenullig lyk in terme van menslike handeling.

Die vraag wat die slang aan die vrou stel, fokus inderdaad op die omvang van die verbod op so 'n wyse dat God en Sy wil uit die vraag gerangeer word. Die vrou se antwoord is 'n lojale antwoord wat tog 'n gewilligheid openbaar om die saak te toets.

Die manier waarop die slang dan die vrou uitlok, is om haar letterlike verstaan van die verbod teen te werk. Die slang se voorstelling is dat God se waarskuwing nie ernstig opgeneem moet word nie. God se verbod is volgens die slang nie daar om die mens te beskerm nie, maar om God te beskerm. Die slang stel met ander woorde God teenoor die mens, God wat deur vrees die mens verhoed om sy "volle potensiaal" te bereik. Die vrou, wat al klaar hou van die voorkoms van die vrug, aanvaar die halwe waarheid as wysheid en eet, haar man eet in stilte saam.

As gevolg van hierdie optrede besef man en vrou dat hulle naak is, hulle kruip weg vir God wanneer hulle Hom hoor naderkom, die mens probeer die skuld verplaas in 'n poging om sy

optrede te verklaar en almal betrokke val dan onder die straf van God.

Daar is twee innerlike prosesse wat aan die wortel van die verhaal gevind kan word, te wete die konsep van "soos God wees" en "kennis van goed en kwaad". Die mens dink hy kan soos God wees deur Sy gebod te verwerp. Dit gebeur die oomblik wat die mens begin twyfel, nie aan God se bestaan nie, maar wanneer hy twyfel daaraan dat God se gebod en verbod sy beste belange op die hart dra. God se gebod en verbod is onvoorwaardelik bindend. Die mens verstaan dit nie so nie en oortree. Die mens se sterk wil buig voor die Goddelike oproep tot verantwoording, die mens staan reeds veroordeel voor God, maar probeer steeds in eie geregtigheid om sy skuld te vermy of te verplaas.

Die sondeval is die vertelling van die tragiek van 'n mens wat uit eie mag probeer om bo sy beperkte en uitsiglose omstandighede uit te styg. Sonde bly juis vanweë ons insigloosheid 'n geheimenis wat ons nooit ten volle onder woorde sal kan bring nie.

Oor die slang in die Genesis vertelling die volgende: Die slang word gestraf vir die gebeurtenis. Die simboliese impak van die gebeurtenis moet nie onderskat word nie. Die Genesis vertelling stel 'n skynbaar skadelose samewerking teen God as iets wat verword tot 'n nimmereindigende konfrontasie met 'n dodelike vyand. Die slang word gestraf, maar simboliseer 'n permanente dodelike bedreiging vir die mensdom. Natuurlik is 'n slang 'n direkte bedreiging vir die enkeling wat met 'n giftige slang gekonfronteer word, maar "slang" is

simbool van die dodelike vyand wat die mensdom konstant bedreig.

Sonde verwys onder andere na die voortvarende mens wat in eie trots god oor sy lewe speel, net om dan te probeer skuil van God se blik.

### **Skuld**

“Opheileo<sup>2</sup>” is die Griekse woord vir skuld. In die Griekse kultuur was hierdie skuld relevant ten opsigte van wraak en die wet. ’n Individue kon wettig wraak neem indien iemand hom iets geskuld het. Hieruit vloei dat skuld ’n duidelike persoonlike dimensie het. Skuld kan nie as ’n algemene vae entiteit verstaan word wat geen kant raak nie. Daar is duidelik twee partye (of meer) met ’n persoonlike wanbalans in die verhouding weens die skuld. Die skuldenaar is dan ook moreel verplig om die straf/wraak te verduur.

Die konsep van ‘ὀφειλέω’ kom net vyf keer in die Septuagint (Griekse vertaling van die Ou Testament) voor. Dit word daar telkens gebruik in die basiese betekenis van ’n bedrag wat geskuld word. Die rede daarvoor is dat die Ou Testament baie ander woorde gebruik om die ander dimensie van skuld aan te dui, soos reeds in die gedeelte oor “sonde” aangedui.

Jesus gebruik die term skuldenaar om die verhouding van mens teenoor God te verduidelik. Dit is ook uit die Ou

Testament duidelik dat sonde lei tot skuld tot op die punt waar sonde en resultaat (skuld) saam genoem kan word.

### **Vergifnis**

Vergifnis is geanker in God se genade. Hoe vergifnis uitspeel binne die ruimte van die genade, het met die verhaal van die kruis se soendood te make. Vergifnis speel nie uit is die ruimte van die mens en spesifiek verdienste nie.

In die eerste verbond (Ou Testament) was daar sprake van versoening deur offers, met ander woorde in die kultiese ruimte van die tempel het mense hulle skuld bly betaal deur offers te bring. Jesus se sterwe het vergifnis uit die kultiese ruimte verskuif na die sfeer van Goddelike genade.

Die verskillende dimensies van vergifnis kan aangedui word deur Matteus en Lukas met mekaar te vergelyk. Matteus se klem is op die voltooid verlede tyd om die begeerte tot afgehandelde vergifnis aan te dui, terwyl Lukas se klem is op die hede, wat weer dui op ’n konstante daaglikse bereidheid om te vergewe.

Vergifnis is dan ook ’n totale afskryf van die skuld ter sprake. Daar is geen restant nie, geen rede tot aanspraak om vergoeding te bespeur nie. Jesus se gelykenisse maak dit duidelik dat vergifnis nooit as gedeeltelike gebeurtenis of ingesteldheid verstaan kan word nie. Vergifnis is ’n allesomvattende konsep. Geen verwyte kan later opgehaal word nie.

### **“Voor die kruis”**

Jesus se leiding rondom gebed geskied voor Hy aan die kruis sterwe. Die vraag sou kon wees of die bede

<sup>2</sup> Strong's: ὀφείλω, ὀφειλέω opheilō opheileō of-i'-lo, of-i-leh'-o Including its prolonged form (second form) used in certain tenses. Probably from the base of G3786 (through the idea of accruing); to **owe** (pecuniarily); figuratively to be under obligation (ought, must, should); morally to fail in duty: - behove, be bound, (be) **debt** (-or), (be) due (-ty), be **guilty** (indebted), (must) need (-s), ought, owe, should.

rondom vergifnis anders interpreteer kan word na afloop van die kruisgebeure. Is die vergifnis waarna Jesus hier verwys anders as die vergifnis wat Hy aan die kruis bewerkstellig het?

Dit is belangrik om duidelik te stel dat Jesus se optredes en bediening doelbewus afgestuur het op die kruis. Hy het geweet wat wag en wat die resultaat sou wees, daarvoor is daar genoeg verwysings na lyding en sterwe voor Golgota. Jesus se gelykenisse en optredes het ook duidelik aangedui dat die vergifnis wat Hy verkondig en bewerkstellig, onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Sy aanbod van die saak kan nie los van die kruis verstaan word nie.

#### **“Na die kruis”**

Jesus se opdrag dat ons sondes moet vergewe en self moet vra vir vergifnis loop saam met die onmoontlikheid om genoeg goeie dade op te stapel om vergifnis te verdien. Vergifnis is met ander woorde nie 'n verdienstelike daad nie, maar 'n lewensingesteldheid. Vergifnis van die naaste kan nooit gesien word as voorwaarde tot Goddelike vergifnis nie. Dit kan wel dien as persoonlike struikelblok om die bede rondom vergifnis tot God te rig. Dit is 'n bede vanuit 'n hopelose situasie om vergifnis te vra terwyl ons dit nie ken of kan gee nie.

Ons het totale vergifnis ontvang. Die kruis is ons waarborg dat dit altyd waar sal bly. Ons bede om vergifnis is daarom 'n erkenning van ons sondigheid en daarmee saam 'n erkenning dat ons in Christus toegelaat word om die versoek te rig sonder enige aanbod van verdienste.

Dit is teen die agtergrond vanselfsprekend dat ons ook ander sal vergewe, sonder dat hulle enige vergoeding of verdienste aanbied.

Soos ons ontvang, so gee ons ook. Dit gaan met ander woorde nie oor eendersheid van vergifnis nie.

Goddelike vergifnis is proporsioneel tot menslike vergifnis oorweldigend groter. 'n Huiwering om te vergewe dien as struikelblok vir ons eie verstaan van die vergifnis wat ons ontvang het en dit kan ons geloof in krisis laat beland. Indien ons nie kan vergewe nie, kan ons sekerlik ook nie vergifnis verstaan nie, en kom ons weer daar waar ons god wil wees wat self bestuur.

In die era van liberalisme waarin sonde ontken word, is die bede 'n herinnering aan die feit dat alle mense sondaars is, maar dat vergifnis aan almal aangebied word. Dit spreek van self dat ons as ontvangers van vergifnis dit ook aan almal sal uitdeel.

Alhoewel ons soms in situasies kom waar ons spesifieke oortredings moet bely, bly die beginsel dat ons op wesensvlak ons sondigheid moet erken en God moet smee om vergifnis. Dit doen ons dan daaglik, net soos ons daaglik vra vir brood.